

**30 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-7**  
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:4-7**

**Toerusting in liefde: Wat agapé-liefde dóén!**

Die liefde is bly oor die waarheid, bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles.

*Agapé-liefde is bly oor die waarheid.* In plaas daarvan dat jy lekker kry oor die slegte wat met iemand gebeur, moet jy in liefde verskriklik oor die waarheid bly wees. Die waarheid word erken, jy vorder op die pad van vergifnis en die liefde groei weer. Oor hierdie *genesende waarheid* is die agapé-liefde uitbundig bly!

*Agapé-liefde bedek alles.* Letterlik beteken dit om 'n dak op te sit, *om toe te dek*. Spreuke 10:12 verkondig dat haat twiste verwek, maar liefde bedek oortredinge. Die agapé-liefde wil nie net wonde oopkrap nie, maar eerder genees. So bedek God die Vader jou sondes met Jesus Christus. Nou kan jy dit ook in liefde doen.

*Agapé-liefde glo (pisteo) alles.* Met jou liefde is jy bereid om die *maksimum vertroue* aan geliefdes en medegelowiges toe te sê. Julle ken en vertrou mekaar, doen met oorgawe vir mekaar. So word die wantroue uitgewis, ongeag hoe erg dit was. Jesus gee aan julle oorwinning, glo nou weer in mekaar.

*Agapé-liefde doen deur alles te “hoop” (elpizo).* Hierdie “hoop” beteken dat jy met baie groot vertroue uitsien na dit wat gaan gebeur. Dis 'n vaste, versekerde hoop dat die Here dit so sal beskik dat omstandighede of 'n persoon weer sal verander na dit wat God wil hê dit moet wees.

*Agapé-liefde doen deur alles te verdra (hypomeno).* Dit beteken dat jy alles wat die liefde bedreig, sal teenstaan en deurstaan. Wat het Jesus Christus nie alles vir jou verdra en teengestaan nie? Nou kan jy deur die werking van die Heilige Gees saam met Jesus Christus ook saam met Hom sterk staan en oorwin!

*Sing: Psalm 32-1:1; Skrifberyming 9-4:6*

*Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)*